


Gee Lig aan Ons Wêreld

## Die einde van die wêreld?

Die tyd waarin ons lewe is anders as enige ander tyd in die geskiedenis. Ons land se leiers, sakelui, mense in vertrouens- en gesagsposisies kyk na die toestand van ons nasie – en van die wêreld – en wonder wat volgende gaan gebeur. Almal hou die nuus dop. Hulle sien die onbestendigheid in die samelewing en in buitelandse betrekkinge. Hulle kyk magteloos toe hoe natuurrampe huise en stede van die armste tot die rykste vernietig. Hulle deins terug van die nuusberigte oor sedelike verval. Hulle let op die intensiteit van die huidige gebeure en besef terdeë dat ons groot dinge te wagte kan wees – dinge wat die loop van die geskiedenis kan verander. Mense wil weet - is die einde op hande?

Daar skyn altyd nuwe teorieë te wees oor hoe die wêreld tot sy einde sal kom. Met die wisseling van die millennium is daar gesê dat die wêreld in die jaar 2000 sou eindig. Dit het nie gebeur nie. Mense het ook oor die jaar 2012 en die Maja-kalender gewonder. Daar bestaan baie teorieë, maar daar was nog nooit ŉ meer betroubare boek om te raadpleeg vir akkurate profesieë as die Bybel nie.

## Bybelprofesieë

Daar is honderde Bybelprofesieë wat reeds vervul is. Die ou Egiptenaars het voor die tyd uitgevind van die sewe jare van voorspoed wat deur sewe maer jare gevolg sou word (Genesis 41). Die Israeliete het gehoor dat hulle weens afvalligheid deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer sou word (Jeremia 25). Daarna het die koning - wat hulle gevange geneem het - ŉ droom gehad van die profesie oor die opeenvolgende heerskappye van die wêreldmoondhede vanaf sy tyd tot aan die einde (Daniël 2).

Van die ongelooflikste akkurate Bybelprofesieë wys na Jesus. In Daniël 9:25-27 lees ons van die tyd van Jesus se doop en wanneer Hy sou sterf. Ander Bybeltekste, onder andere Jesaja 53:7 en Psalm 22:7-8, voorspel verskillende aspekte van Jesus se lewe.

## Die Bybel en eindtydprofesieë

Daar is baie verskillende tipes profesieë in die Bybel. Een van die mees algemene is die apokaliptiese of eindtydprofesie. Twee boeke wat hoofsaaklik hierdie soort profesie bevat, is Daniël in die Ou Testament en Openbaring in die Nuwe Testament. Een uit elke 25 verse in die Nuwe Testament maak melding van die wederkoms van Jesus Christus.

Alhoewel die Bybel baie oor die einde van die wêreld en die wederkoms van Jesus sê, vertel dit ons nie wanneer dit sal plaasvind nie. "Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen" (Mattheüs 24:36). "Maar die dag van die Here sal kom soos ŉ dief in die nag..." (2 Petrus 3:10). Dit gee ons egter riglyne om te weet wanneer dit naby is. "En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë" (Mattheüs 24:6). "En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in ŉ wolk, met groot krag en heerlikheid" (Lukas 21:25-27).

Hier gee die Bybel ons ŉ paar tekens waaraan ons sal weet dat die einde naby is. Daar sal natuurrampe en oorloë wees; mense sal bang wees vir wat volgende gaan gebeur. Dit is egter nie al wat dit oor die einde sê nie. Mattheüs 24:24 waarsku ons: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei." Volgens die Bybel sal daar dus aan die einde nie net fisiese vernietiging en chaos wees nie, maar ook geestelike verwarring.

Dit is Satan se doel om almal moontlik te mislei - en hy onderskei nie tussen kerkgangers en nie-kerkgangers nie. Vir hom maak dit nie saak of u uself ŉ ateïs, ŉ Christen, ŉ Boeddhis of enigiets anders noem nie. Trouens, hy hou daarvan as u kerk toe gaan en nie uitleef wat u leer nie. As u noukeurig na die Bybelverhale kyk, sal u opmerk dat die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle God volg, maar nie doen wat Hy sê nie, aan dieselfde einde kom as diegene wat heeltemal weier om God te ken. "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar" (1 Johannes 2:3).

## Hoe om vir die einde gereed te wees

Ons moet dan die vraag vra: "Hoe kan ek gereed wees vir die einde?" Die Bybel gee verskeie riglyne vir hoe om gereed te wees. As ons hulle van ganser harte volg, kan ons seker wees dat ons gereed sal wees wanneer Jesus weer kom.

Moenie dink u is immuun nie. Jesus waarsku ons herhaaldelik in Mattheüs 24 teen misleiding. As dit nie ŉ werklike moontlikheid was nie, sou Hy dit waarskynlik nie beklemtoon het nie. Die einde van die wêreld sal moeilik wees. Daniël 12:1 vertel ons: "En dit sal ŉ tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat ŉ volk bestaan het tot op dié tyd nie." Dit sal nie maklik wees nie, maar die Bybel bied ook hoop. "Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word" (Mattheüs 24:13). "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het" (Openbaring 3:21). Hoe weet ons dat ons nie mislei word nie? "As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ŉ volk wat geen dageraad het nie" (Jesaja 8:20).

Gee u hele lewe aan Jesus - nie net sekere aspekte daarvan nie. God kan net sondes vergewe wat u bely en aan Hom oorgee. Satan is bly wanneer mense sê dat hulle aan God behoort en bly leef soos hulle wil. Ons moet hierdie oorgawe nie uitstel nie. "Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie" (Markus 13:33). Wees altyd gereed vir Jesus se koms. Moenie jouself wysmaak dat dit eers oor 20 jaar of selfs drie jaar sal wees nie. Niemand weet nie - wees nóú gereed.

Vertel u vriende. Voor die einde kom, sal almal kies wie hulle sal dien. Mattheüs 24:14 sê: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ŉ getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." Aan die einde van tyd sal daar net twee groepe wees - diegene wat God dien en gereed is om Hom te sien kom op die wolke van heerlikheid (Jesaja 25: 9) en diegene wat deur die helderheid van Sy koms vernietig sal word (Openbaring 6: 16-17).

U het ŉ keuse. Aanvaar Jesus se uitnodiging en leef vir Hom, of leef om u eie-ek te behaag. By die eindstreep sal u uitvind dat dit die verlies van u ewige lewe nie werd was nie. Die einde van die wêreld is nie net praatjies nie. Dit is voor die deur en gaan nie maklik wees nie. Wat is u keuse?

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.
Voorblad: ©www.photodune.net

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel — Kyk Hope-Kanaal op u TV 0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**